'Plakboek' vier die lewe in fyn afgewerkte vertoning

OM te sê *Plakboek* is een van die beste musiekvertonings tot nog toe op die KKNK is miskien 'n bietjie moeilik om te bewys, maar dit is ongetwyfeld een van die genotvolste. As jy nie diep bevredigend uit die Burgersentrum stap nie, is daar sweerlik iets met jou verkeerd.

Laurika en Amanda is op die kruin van hul lang loopbane soos natuurkragte wat jou meesleur op 'n wonderlik vervullende reis.

Anders as ander kunstenaars wat saam *show* opsit deur sommer net 'n paar liedjies bymekaar te gooi, is *Plakboek* 'n fyn afgewerkte vertoning wat duidelik lang ure se kreatiewe beplanning gekos het.

Die sangeresse se briljante, sensitiewe begeleiers, Janine Neethling en Peter McLea, het ook 'n groot aandeel in die musikale sukses van die produksie.

Op die oog af is daar heelwat ooreenkomste tussen die twee divas: hul ryk, diep fluweelstemme; hul perfeksionisme en professionaliteit; albei is meesterlike kabaretvertolkers en elk het 'n sak vol treffers wat so te sê volksbesit geword het. Dan is daar nog hul substansie – hulle maak musiek wat jou wat nooit koud laat nie.

Wees verseker dat fyn spot en pret 'n groot deel van *Plakboek* uitmaak.

Hul humor is bemagtigend, want dit ontbloot en ondermyn veral tipies vroulike neuroses wat met die ouderdom intree – soos Amanda se heerlike *Brille en pille blues* wat Laurika met 'n vere-boa stout vergestalt met "Daar is nog lewe in dié ou kat".

In *Plakboek* vier hulle die lewe, die liefde, verlange, hartstog en verlies met 'n gesinchroniseerde bewussyn van die algemeenheid van sulke emosies.

Hulle verstaan, waardeer en respekteer mekaar se musiek en hul samekoms is gestroop van enige nydigheid of kompetisie. Hulle vul mekaar ontroerend mooi aan.

Teen dié tyd ken Laurika en Amanda hul aanhangers só goed dat hulle presies weet watter snare om wanneer te tokkel. Die gehoor word deurlopend geterg met die akkoorde van hul onderskeie grootste treffers en geprikkel om hul musiek en lirieke met nuwe ore te beluister deur interessante nuwe verwerkings en harmonieë.

Die enigste vals noot (eintlik 'n tragedie!) is dat die vertoning reeds lankal uitverkoop is.

■ Hannelie Booyens is 'n lid van *Huisgenoot* se redaksie.